basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2017

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf en navorsing in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar(s) en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

   - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy (paragraaf)
   - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e) (kort opstel)
   - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye (opstel)

10. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

> Kleur is die klawerbord, die oë is die harmonieë, die siel is die klavier met baie snare. Die kunstenaar is die hand wat speel, wat een noot na die ander aanraak om die siel te laat vibreer.
>
> – Wassily Kandinsky

1.1 Vergelyk hoe die kunstenaars van FIGUUR 1a en FIGUUR 1b daarin geslaag het om die gevoelvolheid/lewendigheid van die musiek vas te vang.

Jy moet na die volgende verwys:

- Kleur
- Ruimte
- Komposisie
- Styl
- Stemming en atmosfeer
- Moontlike boodskappe/betekenisse (10)

1.2 Baie van ons opkomende kunstenaars vertel dikwels 'n storie oor die mense, plekke en gebeurtenisse wat hul ervaar het.

Skryf 'n opstel waarin jy TWEE kunswerke deur enige van hierdie kunstenaars interpreteer. (10)

**[20]**



FIGUUR 1a: George Pemba, ***Kwa Stemele***, olie op karton, 1981.



FIGUUR 1b: JP Mika, ***La Belle ambience (La Belle-atmosfeer)***, akriel op materiaal, 2016.

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

| Wat maak van Afrika-kuns wat dit is? Is dit die onderwerp, styl of materiaal? |
|---|

2.1 Debatteer die vrae hierbo deur na FIGUUR 2a en FIGUUR 2b te verwys:

Jy kan die volgende as 'n riglyn gebruik:

- Invloede
- Onderwerp
- Gebruik van vorm
- Stemming (8)

2.2 Evalueer die werk van enige TWEE kunstenaars wat Afrosentriese elemente in hul kuns gebruik het of deur Afrika- en/of inheemse kunsvorms beïnvloed is. (12)

**[20]**



FIGUUR 2a: Speelman Mahlangu, ***Ubuntu Spirit of African Solidarity (Ubuntu Gees van Afrika-solidariteit)***, olie op doek, datum onbekend.



FIGUUR 2b: Ralph Ziman, ***Hondo 'War' (Hondo-'oorlog')*** (Shona) MUTI-galery, digitale drukwerk op Moab Entrada-papier, 2013.

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

***Los Intocables*** of ***Die Onaantasbares*** (FIGUUR 3a tot 3d) is 'n fotografieprojek deur die Kubaanse fotograaf, Erik Ravelo. Sy doel was om die regte van kinders te bewaar en te verdedig en om bewustheid van kinderbeskerming en die verskillende aanvalle teen kinders die wêreld oor te skep. Hierdie beelde is op Facebook verban.

3.1 Verwys na die visuele bronne in FIGUUR 3a tot 3d. Skryf 'n opstel waarin jy die volgende punte bespreek/debatteer:

- Redes waarom die kinders in 'n gekruisigde posisie uitgebeeld word
- Die gebruik van fotografie, eerder as ander media
- Hoekom, dink jy, is die gesigte van die kinders verdof ('pixelated')?
- Die kwessies wat in ELKE afbeelding aangeroer word en die moontlike betekenisse en interpretasies daarvan
- Waarom, dink jy, is die visuele beelde op Facebook verban?
- Baie mense het oor die beeldgebruik in FIGUUR 3a gekla. Wat dink jy van hierdie standpunt?
- Die doeltreffendheid van hierdie reeks omdat dit probleme rondom geweld en misbruik van kinders uitlig (10)

3.2 Skryf 'n opstel waarin jy TWEE kunswerke deur verskillende kunstenaars bespreek wat sosio-politieke kwessies aanpak.

Gebruik die volgende as riglyne:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Komposisie
- Styl (10)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **('Pixelated'):** | Die kleinste beheerbare element van 'n prent wat op 'n skerm of foto uitgebeeld word |
| **Facebook:** | 'n Gratis sosiale netwerkwerf wat geregistreerde gebruikers toelaat om 'n profiel te skep, foto's op te laai en boodskappe aan vriende en familie te stuur |



FIGUUR 3a



FIGUUR 3b



FIGUUR 3c



FIGUUR 3d

FIGUUR 3a tot 3d: Erik Ravelo, ***The Untouchables (Die Onaantasbares)***, uit 'n reeks van sewe foto's, 2013.

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Beckmann en Maswanganyi het eerder betekenis en emosionele ervaring as fisiese skoonheid in hulle interpretasie van Bybelse temas uitgedruk. |

4.1 Kies ÓF FIGUUR 4a ÓF FIGUUR 4b en bespreek hoe hierdie kunstenaar die Bybelse tema geïnterpreteer het.

Gebruik die volgende as riglyne:

- Betekenis van die onderwerp, visuele beelde en simbole
- Formele kunselemente
- Verwringing van die figure
- Diepte en perspektief
- Geestelike/Emosionele boodskap en betekenis (8)

4.2 Vergelyk TWEE kunswerke, kunsvlytwerke of geestelike werke wat jy bestudeer het.

Sluit die volgende in:

- Onderwerp
- Invloede
- Komposisie
- Styl
- Funksie en/of boodskap (12)

**[20]**



FIGUUR 4a: Johannes Maswanganyi, ***Jesus is Walking on the Water (Jesus Loop op die Water)***, hout, verf, doringdraad, dierehare, 1994.



FIGUUR 4b: Max Beckmann, ***Descent from the Cross (Afkom van die Kruis)***, olie op doek, 1917.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Tienduisende vlugtelinge/migrante het uit hulle ontwrigte, oorloggeteisterde lande vir 'n beter lewe in Europa gevlug. Meer as 4 000 mense het tydens die gevaarlike reis oor die Middellandse See gesterf. Ai Weiwei, 'n Chinese kunstenaar, het in reaksie op hierdie menslike tragedie 'n installasie geskep.

Die dammetjie voor die Belvedere-museum in Wene, Oostenryk, het 'n drywende kalligrafiese F wat uit 201 lotusblomme bestaan wat elk vyf gebruikte reddingsbaadjies bevat. Tradisioneel simboliseer die lotusblom skoonheid, suiwerheid en 'n lang lewe.

5.1 Skryf 'n kort opstel en verwys na die volgende:

- Sou die betekenis van die kunswerk verander as dit binnenshuis uitgestal word? Motiveer jou antwoord.
- Is die gebruik van die blom betekenisvol? Het dit enigiets met die vlugtelinge gemeen?
- Is die gebruik van die letter 'F' enigsins betekenisvol?
- Hoekom het die kunstenaar reddingsbaadjies in hierdie werk gebruik?
- Watter rol speel kleur in hierdie werk?
- Verduidelik hoe hierdie werk help om groter bewustheid van die vlugtelingskrisis te skep. (8)

5.2 'n Nuwe kontemporêre kunsgalery het onlangs by die Waterfront in Kaapstad geopen. As die kurator van die galery is jy gevra om TWEE nuwe kunswerke te kies wat die kunstenaar(s) se gebruik van kontemporêre nuwe media vertoon. Bespreek jou keuse.

Jy kan die volgende in aanmerking neem:

- Onderwerpmateriaal
- Invloede
- Gebruik van nuwe media
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **Kalligrafie:** | Dekoratiewe handskrif of handgeskrewe letterwerk |
| **Reddingsbaadjie:** | Dryftoestel wat keer dat jy verdrink |
| **Kurator:** | Iemand wat kunsuitstallings by 'n kunsgalery of kunsmuseum beplan en konseptualiseer |



FIGUUR 5a: Ai Weiwei, ***F Lotus***, installasie, Belvedere-museum, Wene, Oostenryk, 2016.



FIGUUR 5b: Ai Weiwei, ***F Lotus***, installasie, Belvedere-museum, Wene, Oostenryk, 2016. (Digby foto van 1 005 gebruikte reddingsbaadjies in die vorm van lotusblomme in die dammetjie.)

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Maurice Mbikayi wys die mensefiguur in 'n dwangbaadjie ('straight jacket') wat aansluit by die skisofreniese persoonlikheid wat hy in 'n virtuele wêreld ervaar omdat hy die behoefte het om 'permanent' aanlyn te bly.

Maurice Mbikayi ondersoek die uitwerking van kontemporêre tegnologie op die mense van Afrika. Hy fokus op maniere waarop tegnologiese vooruitgang van die laaste twintig jaar die wêreld beide positief en negatief beïnvloed het. Hy versamel fragmente van die ontwikkelende tegnologie en sluit dit by sy werk in.

6.1 Bespreek die volgende in jou interpretasie van FIGUUR 6a:

- Titel
- Beskryf hoe Mbikayi rekenaaronderdele gebruik het
- Die betekenis van die dwangbaadjie ('straight jacket')
- Sou jy hierdie kunswerk as 'n positiewe of negatiewe kommentaar op tegnologie beskou? (8)

6.2 Bespreek die werk van enige TWEE relevante Suid-Afrikaanse demokratiese kunstenaars na 1994 wat hulle identiteit ondersoek.

Jy kan die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Komposisie
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **Dwangbaadjie ('straight jacket')** | 'n Kledingstuk met baie lang moue wat gebruik word om iemand wat homself of andere kan seermaak, te bedwing. Nadat die arms in die dwangbaadjie se moue geplaas is, word die moue oor die bors gekruis en agter die rug vasgemaak sodat die arms so na as moontlik aan die bors gehou word met so min as moontlik beweging. |
| **Virtuele wêreld:** | 'n Driedimensionele digitale omgewing waar jy met ander gebruikers interaksie kan hê en voorwerpe kan skep. |
| **Skisofreen:** | 'n Persoon met abnormale sosiale gedrag en onvermoë om te verstaan wat werklik is; waandenkbeelde en hallusinasies is kenmerkend |



FIGUUR 6a: Maurice Mbikayi, ***Web Jacket (Webbaadjie)***, rekenaaronderdele, klere en gordels, deel van 'n binnenshuise nege-minute uitvoerende kunswerk, 2015.

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

7.1 Kraaie is prominent in beide FIGUUR 7a en FIGUUR 7b. Bestudeer die kunswerke en bespreek die volgende in 'n opstel:

- Betekenis van die kraaie in die kunswerke
- Betekenis van die titels van die kunswerke
- Keuse van visuele beelde en tonele
- Perspektief en diepte
- Stemming en atmosfeer
- Verwysing na geslag (10)

7.2 Bespreek EEN kunswerk deur enige TWEE kunstenaars wie se werk(e) op geslagskwessies kommentaar lewer. (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Andrea Kowch, ***The Visitors (Die Besoekers)***, akriel op doek, 2010.



FIGUUR 7b: Valerie Hegarty, ***Crows in the Dining Room and other Messy Histories (Kraaie in die Eetkamer en ander Morsige Verhale)***, installasie, 2013.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Studente van die Universiteit van Kaapstad het in 2015 die bronsbeeld van Cecil John Rhodes, 'n prominente figuur uit ons koloniale verlede, ontsier. Weens toenemende druk deur studente is hierdie beeld later deur die universiteitsowerhede verwyder.

8.1 Debatteer die kwessie van koloniale en apartheidsmonumente wat uit ons openbare ruimtes verwyder word deur die volgende te in ag te neem:

- Noodsaaklikheid van monumente in ons samelewing
- Redes hoekom mense monumente verwyder of ontsier
- Funksies van 'n monument
- Betekenis van monumente wat met verloop van tyd verander
- Oprig van monumente in openbare plekke
- Skep van nuwe monumente as 'n genesingsproses
- Spesifieke voorbeelde (10)

8.2 Bespreek enige TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse geboue wat jy bestudeer het wat waarde by die gemeenskap/ons samelewing voeg.

Jy kan die volgende in aanmerking neem:

- Ligging/Situasie
- Materiaal en tegnieke
- Styl
- Moontlike invloede (10)

**[20]**




FIGUUR 8a: Foto van die **Cecil John Rhodes-standbeeld**, uit brons gemaak en in 1934 opgerig, wat van die kampus van die Universiteit van Kaapstad verwyder word.




FIGUUR 8b: Die verwydering van die Cecil John Rhodes-standbeeld, Universiteit van Kaapstad, 2015.

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2017

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Hierdie nasienriglyne bestaan uit AGT vrae. Kandidate moes enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.
2. Dit is BAIE BELANGRIK dat in baie gevalle vir die kandidate voorsiening gemaak word:
    - Kandidate moet krediet ontvang as hulle hul eie menings en idees in antwoorde gee.
    - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
    - Argumente en stellings moet goed beredeneer en gemotiveer word deur na spesifieke faktore te verwys.
3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien gewoonlik as riglyne om kandidate te help om hul antwoord te struktureer.
4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
5. Kandidate moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing. Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken.
6. Kandidate mag beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.
7. ***Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde sal bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die nasienproses.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie nasienriglyne moet as 'n riglyn vir nasieners en 'n onderrigmiddel dien. Daarom is die nasienriglyne vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die nasienriglyne kan slegs 'n voorgestelde gids wees.
- **LET WEL:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.
- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet kandidate in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.
- Kandidate moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte behaal nie. Volpunte kan nie gegee word as die titel of kunstenaar verkeerd is nie.
- Nasieners moet na die KABV-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

**Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer**

| PRESTASIE-KODE | ONDERWERP 3: VISUELEKULTUUR-STUDIES ✓ |
|---|---|
| **7 Uitstekend 80–100%** | • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6 Verdienstelik 70–79%** | • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5 Substansieel 60–69%** | • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4 Gemiddeld 50–59%** | • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3 Bevredigend 40–49%** | • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2 Elementêr 30–39%** | • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1 Nie behaal nie 0–29%** | • Demonstreer 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie.<br>• Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.**

**Die volgende puntetoekenning moet in gedagte gehou word wanneer slegs EEN kunswerk/kunstenaar bespreek word in plaas van TWEE:**

**6 punte (maks 3)**
**8 punte (maks 5)**
**10 punte (maks 6)**
**12 punte (maks 7)**
**14 punte (maks 8)**
**20 punte (maks 12)**

**As gevolg van <u>kleurverskille</u> in die gedrukte vraestelle van die verskillende provinsies moet die provinsies die nasienriglyne vir interpretasie aanpas**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Kleur is die klawerbord, die oë is die harmonieë, die siel is die klavier met baie snare. Die kunstenaar is die hand wat speel, wat een noot na die ander aanraak om die siel te laat vibreer.

– Wassily Kandinsky

1.1 Kandidate moet vergelyk hoe die kunstenaars van FIGUUR 1a en FIGUUR 1b daarin geslaag het om die gevoelvolheid/lewendigheid van die musiek vas te vang.

- **Kleur**

**<u>FIGUUR 1a:</u>**
Pemba gebruik oorheersende blou en bruin kleure in die kunswerk met wit wat oral deur die werk herhaal word. Die bruin vloer, blou mure en wit kleredrag skep 'n somber/treurige gevoel. Die vroulike danser en manlike pianis dra wit klere en ligte skoene. Die pianis dra 'n kleurvolle pet/hoed en die blou van broek balanseer met die blou van die danser se hemp en met die blou rok van die vrou wat op die klavier leun. Die manlike danser is geklee in 'n lang donkerblou jas met 'n kakiebroek en 'n kakiehoed. Die vrou wat op die klavier leun is ook geklee in 'n blou uitrusting wat amper met die agtergrond insmelt. Op die vloer is ‘n die weerkaatsing van die lig op dievloer in geel-oranje wat die blou agtergrond komplimenteer.

**<u>FIGUUR 1b:</u>**
Die werk is baie kleurvol. Die vrou is geklee in 'n blou en wit rok terwyl die man 'n rooi/oranje broek, skokkende pienk T-hemp en 'n vlootbou baadjie dra. Die blompatroon in die agtergrond is ligte geel met tikkies groen en rooi (blomme). Hierdie kleure skep 'n lewendige en gelukkige gevoel.

- **Ruimte**

**FIGUUR 1a:**
Die toneel speel af in 'n oorheersende blou vertrek, wat bydra tot die somber stemming. Die figure domineer die voor- en middelgrond. Die agtergrond het geen figure nie, alhoewel die muurarea bestaan uit 'n venster, 'n prent wat teen die muur hang en 'n deur. Diepte word verkry deur liniêre perspektiefwat sigbaar is in die lyne van die dak, vloer en klavier. Die figure vul die hele komposisie.

**FIGUUR 1b:**
Daar is 'n beperkte gevoel van teruggang, slegs geskep deur die vroulike figuur wat oorvleuel met die manlike figuur. Die figure is in die middel van die voorgrond geplaas. Die agtergrond is plat bestaande uit 'n besige dekoratiewe blompatroon wat die kunswerk domineer. Die vroulike figuur word die fokuspunt weens haar dominante posisie in die formaat.

- **Komposisie**

**FIGUUR 1a:**
George Pemba plaas sy figure in die interieur van 'n blou vertrek. Aan die linkerkant van die komposisie is 'n paartjie wat dans op die musiek. Die manlike danser se gesig is sigbaar aan die kyker terwyl die vroulike danser se rug na die kyker gedraai is. 'n Sittende pianis is gebuk oor die klawerbord van die klavier aan die regterkant van die prentoppervlak. 'n Vroulike figuur staan agter die klavier. Die figure in die komposisie is slim verbind deur die herhalende gebruik van wit – beginnende by die klawerbord regs, deur die wit baadjie van die pianis, na die wit rok van die vroulike danser. Daar is riehoekige komposisie wat gevorm word deur die wit kleur wat gesien kan word in die lig, die rok, die hemp en die klawerbord van die klavier.
**FIGUUR 1b:**
Twee dansende figure is in die middel van die komposisie geplaas. Die vroulike figuur maak parmantig oogkontak met die kyker, terwyl die manlike figuur amper afbeur met sy oë wat opkyk, so meegevoer is hy met die musiek.

- **Styl**

**FIGUUR 1a**:
Pemba skilder in ‘n naturalistiese- styl. Daar is sigbare kwashale en sprake van impasto.

**FIGUUR 1b**:
Mika skilder in 'n super-realistiese styl (Foto-Realisme). Sy styl is noukeurig en geen sigbare kwashale is teenwoordig.

- **Stemming/atmosfeer van die kunswerk**

**FIGUUR 1a:**
Alhoewel die figure wat dans sinoniem met vreugde en geluk is, beeld die kunswerk 'n meer somber, ernstige en intense stemming uit. Blou word geassosieer met sielvolle stadige jazz musiek.

**FIGUUR 1b:**
'n Stemming van geluk en vreugde is sigbaar in die werk. Hulle word amper komies uitgebeeld. Die figure dans met rimiese musiek.

- **Moontlike betekenis/boodskap**

**FIGUUR 1a:**
Dit is 'n kunswerk wat 'n sosiale toneel van alledaagse lewe in 'n township reflekteer en dokumenteer. Alhoewel die linkerkantse figure dans, is die stemming nie een van geluk en vreugde nie. Die figuur aan die regterkant lyk treurig en die pianis skep ook 'n gevoel dat hy nie alte gelukkig is nie. Alhoewel al die figure saam in die vertrek is, het elkeen sy eie geïsoleerde gedagtes. Dit het 'n neerdrukkende atmosfeer. Die kunswerk kan ‘n laaste dans voorstel voordat totsiens gesê word, wat ‘n hartseer gevoel skep.

**FIGUUR 1b:**
Die kunswerk is 'n lewendige toneel van 'n verliefde jong paartjie wat hulself werklik geniet deur te dans terwyl hulle na musiek deur hul oorfone luister. Die modieuse paartjie beeld 'n jong, byderwetse en selfversekerde houding uit.

**Kandidate kan nie volpunte behaal as daar geen vergelyking gedoen is nie – gebruik die beskrywende rubriek om puntetoekenning te lei.** (10)

1.2 Baie van ons opkomende kunstenaars vertel dikwels 'n storie oor die mense, plekke en gebeurtenisse wat hul ervaar het.

Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle TWEE kunswerke deur enige van hierdie kunstenaars interpreteer. (10)
**[20]**

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

| Wat maak van Afrika-kuns wat dit is? Is dit die onderwerp, styl of materiaal? |
|---|

2.1 Kandidate moet die vrae hierbo debatteer/of bespreek deur na FIGUUR 2a en FIGUUR 2b te verwys:

- **Invloede**

Kandidate moet die Afrika invloede bespreek byvoorbeeld kralewerk, Afrika maskers, vereenvoudiging, geometriese patrone, ensovoorts. FIGURE 2a: Tipiese Afrika aardse kleure is gebruik., wat ooreenstem met Abstrakte Ekspressionisme met Juan Miro eienskappe. Die kunstenaar het verskeie objekte van kulturele erfenis ingesluit. Ook is kubistiese eienskappe teenwoordig in die fragmentasie van die beeste.
FIGURE 2b: Helder gekleurde krale is tipies Afrika.

**Onderwerp**

**FIGUUR 2a:**
Die kunstenaar het verskeie objekte ingesluit om kulturele erfenis uit te beeld. Die fokuspunt is die bul (donkerste beeld) in die middel, omring deur tipiese Afrika-objekte. Die Afrika maskers en kleipotte is versier met tipiese etniese ontwerpe. In die agtergrond gee argitektoniese vorms 'n effense diepte aan die skildery. Daar is ook blomplante wat 'n patroon regdeur die skildery vorm. Die blom aan die regterkant kan die naelstring voorstel wat die bul bind aan ‘n kulturele erfenis.
Aan die regterkant is ‘n voorstelling van ‘n kers en oilifant wat simbloe is van kulturele erfenis. Daar is ‘n voorstelling van ‘n spookbeeld voor regs. Daar is verskeie simbole en vorms wat rotskuns (San kuns), kan voorstel.
**FIGUUR 2b**:
'n Gemaskerde figuur is in die middel van die komposisie geplaas. Hy is geklee in militêre drag (kamoefleerdrag) en hou twee kralewerk gewere, een in elke hand, vas. Hy dra ‘n geometriese ontwerpre armbande wat inheems is.Hy is geplaas teen 'n eenvoudige groen/turkoois agtergrond. Die gewere kan 'n stelling maak oor oorlogservaringe, geweld en wapenhandel. Die Afrika masker (bestaan uit eenvoudige geometriese ontwerpe en amandelvormige oë) gemaak met cowries (antieke geldeenheid) en kralewerk op die AK aanvalsgewere wat in Afrika rewolisies gebruik word. Die gewere kan ‘n standpunt maak van Suid Afrikaanse konflikte en oorloë.

- **Gebruik van vorm**

**FIGUUR 2a:**
Dit is 'n tweedimensionele skildery bestaande uit gestileerde vorms. Donker omlyning beklemtoon die objekte. Sekere 3-dimensionaliteit en diepte is verkry met die gebruik wat na agter toe beweeg en ligter kleure na vore. Die vereenvoudigde komposisie bestaan hoofsaaklik uit vorms. Die donker buitelyne beskryf/beklemtoon die vorms. Daar is fasette van kleur.

**FIGUUR 2b:**
Alhoewel dit 'n foto is, het Ziman die fotosessie opgestel met 'n werklike model en driedimensionele objekte soos die maskers en krale gewere.

- **Stemming**

**FIGUUR 2a:**
Vrolike/vreugdevolle en amper verwarrende stemming.

**FIGUUR 2b:**
Die stemming is somber, skrikwekkend intimiderend en bedreigend. (8)

2.2 Kandidate moet die werk van enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het, wat Afrosentriese elemente in hul kuns gebruik het of deur Afrika en/of inheemse kunsvorms beïnvloed is, evalueer. The blom (12)
**[20]**

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

***Los Intocables*** of ***Die Onaantasbares*** (FIGUUR 3a tot 3d) is 'n fotografieprojek deur die Kubaanse fotograaf, Erik Ravelo. Sy doel was om die regte van kinders te bewaar en te verdedig en om bewustheid van kinderbeskerming en die verskillende aanvalle teen kinders die wêreld oor te skep. Hierdie beelde is op Facebook verban.

3.1 Kandidate moet verwys na die visuele bronne in FIGUUR 3a tot 3d. Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle die volgende punte bespreek/debatteer:

- **Redes waarom die kinders in 'n gekruisigde posisie uitgebeeld is**

Dit herlei na Christus op die kruis en verwys na die onskuld van die kinders in die onderskeie situasies. Dit is 'n kragtige en herkenbare simbool. Die kinders moet hierdie gruweldade verwerk soos om 'n kruis te dra. Beskerming deur die kerk (volwassenes) plek van veiligheid.

- **Die gebruik van fotografie, eerder as ander media**

Fotografie gee 'n werklike lewensgetroue gevoel aan die werk, asof die gebeure gedokumenteer is. Ravelo verwys na die ***Die Onaantasbares*** as 'n 'menslike installasie'. Sy vriende en hul kinders het vrywillig geposeer vir die foto's. Die foto's is sorgvuldig opgestel waarna die menslike 'beelde' toe gefotografeer is. Die resultaat is visuele beelde (die foto's) wat visueel ontnugter en konseptueel hartseer is.

- **Hoekom dink jy die gesigte van die kinders is verdof ('pixilated')?**

Die kinders se gesigte is verdof ('pixilated') om die identiteite van die kinders te bewaar en te beskerm. Dit herlei ook na kinders in die algemeen en nie na 'n spesifieke kind nie. Die dowwe gesigte steek pyn weg.

- **Watter kwessies word in elke visuele beeld aangespreek en die moontlike betekenisse en interpretasies?**

**FIGUUR 3a**: Die visuele beeld toon 'n jong seun slegs in sy onderklere vasgemaak aan die rug van 'n Katolieke kardinaal. Dit is 'n pynlike herinnering aan die seksuele mishandeling skandale wat die Katolieke Kerk in onlangse jare geteister het. Molestering van pre-adolessente seuns deur priesters word belig. ‘n Kind word gedwing om ‘n sekere geloof te volg sonder enige inligting. Verskeie rituele moet gevolg word en die kind word geindoktreneer.

**FIGUUR 3b**: Die werk verwys na die skokkende verlies van onskuldige jeugdiges in die Siriese burgeroorlog. 'n Meisie met 'n Islamitiese hooftooisel is gekruisig teen die rug van 'n soldaat, met sy outomatiese geweer rustend op die grond. Kandidate kan in die algemeen na oorlogsituasies verwys, veral in die Midde-Ooste. Dit kan ook na kindersoldate verwys. Bendeleiers/Enige konflk.

Kopiereg voorbehou

**FIGUUR 3c**: Die visuele beeld spreek van die outomatiese wapen skietvoorvalle ('shooting-sprees') in wêreld wye skole. Dit kan ook geïnterpreteer word as 'n algemene bedreiging van geweld aan kinders, byvoorbeeld bende verwante geweld (the figuur met die'hoodie').

**FIGUUR 3d**: Die visuele beeld wys 'n mollige nege jarige gekruisig teen die rug van Ronald McDonald, die kitskosreus met die rooi pruik. Dit lewer kommentaar op die toenemende vetsugtigheid by kinders en die effekte van kitskosse op hul gesondheid.
Krediet kan ookgegee word vir as ‘n kandidaat noem dat kindermolestering ook plaasvind deur volwassenes wat soos ‘n nar vermom is. Narre word gewoonlik geassosieer met ‘n sirkus waar kinders vermaak word deur ‘n onskuldige, naiewe karakter. Die nar verteenwoordig die geloofwaardige persoon wat gewoonlik die molesteerder is.
Elke werk bevat beide 'n kind en 'n volwassene geposeer om 'n huidige euwel soos geweergeweld, molestering of vetsug uit te beeld. Elke werk wys die kind gekruisig teen die rug van 'n volwassene en wat poog om 'n verskillende storie oor die verlies van onskuld te vertel. Dit is bedoel om kykers te onstel en sodoende hul bewus te maak en te beywer vir die veiligheid van onskuldige kinders wat regoor die wêreld geviktimiseer word deur twyfelagtige en uitbuitende industrieë. Skokkend is inderdaad 'n gepaste beskrywing van die visuele beelde.

- **Waarom dink jy is die visuele beelde op Facebook verban?**

Kandidaat se eie mening wat gemotiveer word deur verwysings na die visuele bronne.

- **Baie mense het beswaar aangeteken oor die beeldgebruik in FIGUUR 3a aangehad. Wat is jou denke oor die gesigspunt?**

Die kind is gedeeltelik geklee. Dit fokus op hoe dikwels mense nie kwessies soos kindermolestering wil hanteer nie. Enige ander gemotiveerde mening sal aanvaarbaar wees.

- **Die doeltreffendheid van hierdie reeks om probleme rondom geweld en misbruik van kinders uit te lig.**

Al die figure, veral FIGUUR 3a is konfronterend, skokkend in jou gesig; meeste mense kan dit nie hanteer of wil glad nie daarmee gekonfronteer word nie. Die titel plaas klem op die weerloosheid van kinders teenoor magsfigure , “Untouchables”, partykeer iemand wat vertrou moet word bv. die priester of ‘n onderwyser.
Kinders verteenwoordig onskuld en die reeks het ten doel om die reg tot kindwees te beskerm en te verdedig. Die werk is baie effektief om die geweld en teistering wat op kinders deur onderdrukkende internasionale instellings en winsbejag-maar-afgryslike praktyke uitgevoer word, te ontbloot. Dit was gedoen om bewussyn van kinderbeskerming te verhoog en 'n stelling te maak oor die toestand van kindwees in die wêreld. '*Kids represent innocence and the series of **Los Intocables** aims to preserve and defend the right to childhood, to a clean childhood. So we are preserving kids here*', aldus Ravelo.

Kandidate se eie mening wat gemotiveer word deur verwysing na die visuele bronne is aanvaarbaar. (10)

3.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle TWEE kunswerke deur verskillende kunstenaars bespreek wat sosio-politieke kwessies aanpak. Kan enige kunstenaars bespreek. Oop Vraag.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerpmateriaal
- Invloede
- Formele kunselemente
- Komposisie
- Styl (10)

**[20]**

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Beckmann en Maswanganyi het eerder betekenis en emosionele ervaring as fisiese skoonheid in hulle interpretasie van Bybelse temas uitgedruk. |

4.1 Kandidate moet ÓF FIGUUR 4a ÓF FIGUUR 4b kies en bespreek hoe hierdie kunstenaar die Bybelse tema geïnterpreteer het.

Gebruik die volgende as riglyne:

- **Betekenis van die onderwerp, visuele beelde en simbole**

**FIGUUR 4a:**

'n Bybelse tema uit die Nuwe testament word uitgebeeld. 'n Vereenvoudigde, gestileerde figuur van Jesus word uitgebeeld waar hy 'n houtkruis, simbolies van Christenskap, vashou. Die lopende figuur van Jesus is vas aan 'n houttak wat ook verskeie houtvisse om die voete van Christus het, simbolies van Sy volgelinge (vissers van mense). Die hout kan ook die water simboliseer waarop Hy loop. (Die titel). Sy heiligheid word deur 'n stralekransvorm bo sy kop getoon. Jesus se wonderwerk om op die water te loop word uitgebeeld. Die dorngdraad simboliseer die doringkroon.

**FIGUUR 4b:**

Christus word van die kruis afgehaal. Die kruisafname word uitgebeeld. Die kruis is 'n simbool vir verlossing. Daar is 'n son in die agtergrond wat 'n simbool van lig en nuwe lewe is. Christus word uitgebeeld met 'n kroon van dorings simbolies van sonde en lyding. Die figure onder Christus blyk om hom te vermy en nie gelukkig te wees met sy afname van die kruis nie. Vroue by die voete van die kruis: Moeder Maria en Maria Magdalena kan nie na die gebreekte liggaam van Jesus kyk nie.

- **Formele kunselemente**

Diagonale lyne en vorms skep bewegingen onrustigheid in FIGUUR 4a en 4b.

**FIGUUR 4a:**

Die driedimensionele gestileerde vorms is uit hout gekerf om 'n naïwe kunswerk te skep. Dele van die hout is blink geverf. Die figuur is pienk, swart en wit geverf. Die visse is in verskillende skakerings van grys geverf. Die houtkruis is rooi/oranje geverf. Christus se hare, skoene en gordel is in skakerings van bruin geverf. Die basis van die kerfwerkstuk is ongeverf gelaat. Die teksture van die figuur en visse is glad terwyl die basis/boomtak meer 'n natuurlike getekstureerde tasbare kwaliteit het. Styl; Realisme en Naturalisme

**FIGUUR 4b:**

Beckmann het gebruik gemaak van ekspressiewe verwronge lyne en fatsoene om die stemming van lyding te verhoog. Donker buitelyne is sigbaar. Aardse kleure soos geel, oker, bruine en rooie is gebruik. Die figuur van Jesus/man is verleng en verwring. Sy lang dun arms is diagonaal oor die komposisie geplaas in die vorm van ‘n kruis.
Enkele blou strepe op die kleed van die figuur in die middel van die werk is sigbaar. Dit kan simbolies wees van water wat lewe gee.
Skerppuntige driehoekige vorms soos gebreekte glas dra by tot die gevoel van pyn en hartseer.

- **Verwringing van die figure**

**FIGUUR 4a:**
Vorms is vereenvoudig en gestileerd en uitgebeeld in 'n kinderlike/naïewe manier. Die figuur is nie anatomies korrek nie en is nie in proporsie nie.

**FIGUUR 4b:**
Vorms en figure is hoekig met skerp lyne. Figure is verleng en verwring. Donker buitelyne beklemtoon die verwringde vorms. Distorsie van die gesigte gee ‘n melankoliese gevoel tot die werk.

- **Diepte en perspektief**

**FIGUUR 4a:**
Dit is 'n driedimensioneel beeld uit hout gekerf. Daar is 'n gebrek aan perspektief omdat dit ‘n drie-dimensionele werk is.

**FIGUUR 4b:**
Perspektief is geskep soos gesien in die al hoe kleiner wordende figure na agter. Christus is in die voorgrond geplaas en is die middelpunt van die komposisie. Twee knielende vroulike figure is ook regs in die voorgrond geplaas. Twee manlike figure is in die middelgrond. ‘n Houtkruis en leer kan in die agtergond an die komposisie gesien word. Voorverkort aansig van die bene het groter voete tot gevolg.'n Houtkruis kan in die agtergrond van die komposisie gesien word. Die leer se trappies wat kleiner word na bo gee ‘n mate van perspektief in die werk. 'n Donker ronde son is in die agtergrond. Die skildery is baie vol en oorlaai.

- **Geestelike/emosionele boodskap en betekenis**

**FIGUUR 4a:**
Die beeld, beïnvloed deur die Christendom, illustreer die Bybelse narratief van 'n wonderwerk uit die Nuwe testament. Dit is 'n boodskap van hoop en vertroue.

**FIGUUR 4b:**
Die afname van die kruis is die tema van die skildery. Dit is 'n ontstellende beeld van Jesus se lyding/offering wat die dood oorwin. (8)

4.2 Kandidate moet TWEE kunswerke, kunsvlytwerke of geestelike werke vergelyk wat hulle bestudeer het.

Sluit die volgende in:

- Onderwerpmateriaal
- Invloede
- Komposisie
- Styl
- Funksie en/of boodskap

**Kandidate kan nie volpunte kry as daar geen vergelyking is nie – gebruik die beskrywende rubriek om punte toekenning te lei.** (12)

**[20]**

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Tienduisende vlugtelinge/migrante het uit hulle ontwrigte, oorloggeteisterde lande na 'n beter lewe in Europa gevlug. Meer as 4 000 mense het tydens die gevaarlike reise oor die Middellandse See gesterf. Ai Weiwei, 'n Chinese kunstenaar, het in reaksie op hierdie menslike tragedie 'n installasie geskep.

Die dammetjie voor die Belvedere-museum in Wene, Oostenryk, het 'n drywende kalligrafiese F wat uit 201 lotusblomme bestaan wat elk vyf gebruikte reddingsbaadjies bevat. Tradisioneel simboliseer die lotusblom skoonheid, suiwerheid en 'n lang lewe.

5.1. Kandidate moet 'n kort opstel skryf en na die volgende verwys:
Die F Lotus het ‘n woordspeling op die woord:Float”. Fis ‘n herhaaldelike en uitlokkende motief in Ai Weiwei se werk wat gebaseer is op die Chinese Internet meme ‘grass mud horse” waarvan die uitspraak baie na aan die Chinese ekwivalent van ‘f#k’ is. Die meme is gebruik om die absurde Chinese sensorraad te onderduik..

- **Sou die betekenis van die kunswerk verander het, as dit binnenshuis uitgestal was? Staaf jou antwoord.**

Die kunswerk is vir 'n rede in water uitgestal. Die water is 'n metafoor vir die reis van die migrante/ vlugtelinge oor die Middellandse See na Europa. As die installasie in 'n binneruimte geplaas was, sou daar geen water gewees het nie en die konsep sou verander het. ‘n Buitenshuise uitstalling kan deur meer mense besoek word sonder om by ‘n museum in te gaan.

- **Is die gebruik van die blom betekenisvol? Het dit enige iets in gemeen met die vlugtelinge?**

'n Lotusblom dryf op water, soos 'n vlugteling wat dryf op die water of 'n boot. Die boot kan vergelyk word met die lotusblom. Die lotusblom simboliseer 'n lang lewensduur soos die boot wat die migrante na die land vervoer, maar met steeds 'n breekbaarheid daaraan. Die kunstenaar het reddingsbaadjies as 'n metafoor vir die lotusblom gebruik. Flotus verteenwoordig beweging. Die kunstenaar ,’n Chinese aktivis.kunstenaar, spreek sosio-politieke kwessies aan in ons huidige gemeenskap.

- **Is die gebruik van die letter 'F' enigsins betekenisvol?**

Die F-letter is as 'n kalligrafiese letter uitgebeeld. Kalligrafiese letterwerk is delikaat wat kan verwys na hoe delikaat die blomme en vlugtelinge is. 'F' kan blom ('flower') of broosheid ('fragility') verteenwoordig. Die vlugtelinge/migrante is baie broos as hulle die Middellandse See in oorvol bote oorsteek. Kandidate se eie mening moet gemotiveer word met verwysing na visuele bronne. Die “F” kan vryheid (freedom) of dryf (float) verteenwoordig. Die”F” is ooreenstemmend met die Chinese kalligrafiese simbole. Die “flotus” font lyk baie mooi, alhoewel die kunstenaar ‘n provocative kunswerk wou uitbeeld deur die gebruik van die “F” woord.

- **Hoekom het die kunstenaar reddingsbaadjies in hierdie werk gebruik?** (8)

Ai WeiWei gebruik reddingsbaadjies(simbolies van lewe) om die vorm van 'n lotusblom te skep. Hy gebruik dan die blomme om die vorm van letter 'F ' te skep in 'n waterpoel. Die reddingsbaadjies word gebruik om te keer dat iemand verdrink. Hy skep 'n analogie tussen die lotusblomme en reddingsbaadjies. Die reddingsbaadjies simboliseer al die vlugtelinge wat die see oorkruis het.

- **Watter rol speel kleur in hierdie werk?**

Die kunstenaar het gekleurde reddingsbaadjies gebruik in die kunswerk, maar hulle is verdof weens die reis oor die see. Die helder kleure reflekteer 'n gelukkige stemming/atmosfeer wat die migrante se vind van 'n nuwe tuiste met nuwe geleenthede kan simboliseer. Hulle verlaat treurigheid en seerkry vir 'n nuwe lewe. Die kleur in die 'F' vorm blyk heelwat helderder as die naby aansig. Die kleur kan spiritueel wees wat nuwe lewe voorstel.

5.2 • **Help hierdie werk om groter bewussyn van die vlugtelingskrisis te skep?**

Kandidate se eie interpretasie met motivering sal aanvaarbaar wees.

'n Nuwe kontemporêre kunsgalery het onlangs by die Waterfront in Kaapstad geopen. As die kurator van die galery is jy gevra om TWEE nuwe kunswerke te kies wat die kunstenaar(s) se gebruik van kontemporêre nuwe media vertoon. Bespreek jou keuse.

Kandidate kan die volgende in aanmerking neem:

- Onderwerp
- Invloede
- Gebruik van nuwe media
- Moontlike betekenisse/boodskappe

2 Kunswerke an dieselfde kunsenaar is ook aanvaarbaar. Dit kan ook ’n ander “Nuwe” kunswerk wees. (12)

**[20]**

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Maurice Mbikayi wys die mensefiguur in 'n dwangbaadjie ('straight jacket') wat aansluit by die skisofreniese persoonlikheid wat hy in 'n virtuele wêreld ervaar omdat hy die behoefte het om 'permanent' aan lyn te bly.

Maurice Mbikayi ondersoek die uitwerking van kontemporêre tegnologie op die mense van Afrika. Hy fokus op maniere waarop tegnologiese vordering in die laaste twintig jaar die wêreld beide positief en negatief beïnvloed het. Hy versamel fragmente van die ontwikkelende tegnologie en sluit dit by sy werk in.

6.1 Kandidate moet die volgende in hul interpretasie van FIGUUR 6a bespreek:

- **Titel**

***Webbaadjie*** toon aan dat dit 'n baadjie is, maar meer spesifiek 'n webbaadjie. Dit hou die mens opsgesluit in die Virtuele wêreld en weerhou hulle van die werklikheid. Die webbaadjie sal jou toegang gee tot enige web netwerk. Hierdie baadjie vertel ons dat dit verbind is met die web (internet) en is gemaak uit rekenaardele, elektriese drade, klere en gordels.Die donker gekleurde "hoodie" / hoed verberg sy eie identiteit. Dit lyk soos 'n dwangbuis (**'straitjacket')** wat **'n** kledingstuk met baie lang moue is en wat gebruik word om te verhoed dat 'n persoon hom/haarself skade aandoen. Wanneer die arms in die dwangbuis se moue geplaas word, word die moue oor die bors gekruis en agter die rug vasgemaak sodat die arms so na as moontlik aand die bors is vir so min as moontlik beweging. Hierdie ***Webbaadjie*** impliseer hoe die internet/web ons elke dag inperk. Die web – vasgevang soos in 'n spinneweb.

- **Beskryf hoe Mbikayi rekenaardele gebruik het**

Die kunstenaar het 'n beeldhoustuk/installasie/uitvoerende kunswerk ('performance art') gekonstrueer uit rekenaardele (sleutelborde, ensovoorts), elektriese drade, klere en gordels. Die beeld/baadjie is toe in 'n 9 minute uitvoerende kunswerk gebruik. Hierdie visuele bron van die webbaadjie is 'n fotografiese dokumentasie van die oorspronklike uitvoerende kunswerk. Die kunstenaar het 'n stutraam gebruik in die foto, terwyl in die uitvoerende kunswerk, hy dit sou aangetrek het. (Onderwysers Hulp)

- **Die betekenis van die dwangbuis ('straitjacket')**

Die baadjie is uit rekenaardele gemaak en word webbaadjie genoem wat simbolies van die virtuele wêreld is. Hierdie virtuele driedimensionele wêreld is vry en enige iemand kan iemand anders van enige plek in die wêreld kontak, tog is die webbaadjie as 'n dwangbuis wat 'n persoon beperk, uitgebeeld. Dit mag die internet as 'n slegte invloed uitbeeld wat ons beperk en skade berokken. 'n Dwangbuis word gebruik om sielsieke pasiënte in bedwang te hou sodat hulle nie hulself of andere beseer nie. Dikwels moet mense wat skisofrenies is in bedwang gehou word vir hul onaanvaarbare gedrag. Die dwangbuis is 'n metafoor van hoe die internet ons beperk omdat ons verslaaf raak aan die Internet. FOMO – "Fear of missing out." Die baadjie kan verwys na sielsieke pasiente (eie bi-polêre persoonlike ondervindings).

Kopiereg voorbehou

Die dwangbaadjie kan ook ‘n beskermende toerusting wees vir brugsprong, valskermsprong of hanvliëer aktiwiteite. Dapper sprong om tegnologie en kreatiwiteit te gebruik(Superhero)The jacket could refer to mentally ill patients (own bipolar personal experience). The straight jacket could represent bridge jumping for skydiving or paragliding. Brave leap to use technology and creativity (Superhero).

- **Interpreteer jy die kunswerk as 'n positiewe of negatiewe kommentaar oor tegnologie?**

Kandidate se eie interpretasie gestaaf sal aanvaarbaar wees. (8)

6.2 Kandidate moet die werk van enige TWEE relevante Suid-Afrikaanse demokratiese kunstenaars bespreek wat ná 1994 hul identiteit ondersoek.

Hulle kan die volgende riglyne gebruik:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Komposisie
- Styl
- Moontlike betekenisse/boodskappe (12)

**[20]**

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

7.1 Kraaie is prominent in beide FIGUUR 7a en 7b. Kandidate moet die kunswerke bestudeer en die volgende in 'n opstel bespreek:

- **Betekenis van die kraaie in die kunswerke**

**FIGUUR 7a**

Daar is baie swart voëls wat in die kombuis rondvlieg en 'n chaotiese stemming skep. Die kraaie is magies en kan die toekoms voorspel. Kraaie neem siele na
Die hiernamaals. Die Ierse mite vertel dat kraaie met die gode kommunikeer, die toekoms kan voorspel en verteenwoordig goeie geluk. Die dames gaan ongeag die teenwoordigheid van die kraaie aan met hul taak om die pasteie voor te berei en te bak. Die kraaie skep 'n baie besige en chaotiese atmosfeer. 'n Hiëna wat ook 'n aasdier is, word links in die skildery uitgebeeld. Die hiëna wil die kraai of die pastei eet. Die hiëna kan simbolies wees van ons veeleisende en aasvreterige samelewing. 'n Vel deeg, 'n tinfoeliebak, 'n bak vrugte, koekroller en waslappe, koppies en pierings versier die tafel. Ses kraaie rus op die tafel op verskillende plekke, sommige vlieg, sit of pik. Die kraaie is simbolies van mans wat traditioneel net aansit vir ete en nie besef hoeveel liefde, omgee en tyd spandeer is om alles voor te bereinie, en dan daarna alles net so los vir iemand anders om op te ruim, gewoonlik weer vroue. Vroue is gewoont daaraan, hou voor asof alles in orde is. Die beeld van die hiëna kan die volgende voorstel: intelligensie, vraatsug, histerie, onverskrokkenheid,demonies, misbruik maak van die swakkes,seksuele neigings hê.

**FIGUUR 7b:**
Die toneel beeld die interieur van 'n eetkamer uit. Daar is geen mense teenwoordig nie, slegs groot swart kraaie wat oorskietkos aas en opvreet. Sommige kraaie is ook gepleister teen die prente op die mure, vloer en stoele. Dit lyk asof die kraaie die vrugte in die muurprente aanval. Die kraaie wat die kos op die tafel en omringende dele deursoek, skep 'n toneel van steurnis en chaos, wat te kenne gee dat hulle wild en honger is.

- **Betekenis van die titels van die kunswerke**

**FIGUUR 7a**

Vroue word geassosieer met kosvoorbereiding en die dek van die tafel voor gaste of familie bedien word. Dit kan 'n toneel uitbeeld na 'n dinee waar die gaste weg is en die aasdiere het oorgeneem om van die oorskiet te vreet. Dit kan ook verwys na die vrou wat moet regstaan vir besoekers wat kom eet en geniet. Die samelewing verwag van vroue om kos voor te berei en te bedien. Mans vergader gewoonlik om ‘n tafel en laat die opruim aan die vroue oor.

**FIGUUR 7b:**
Die samelewing verwag vroue om kos voor te berei en op te dien. Mans ontmoet gewoonlik om die tafel en los die opruim van die tafel ook aan vroue. Die titel kan verwys na besluite en gesprekke wat in die verlede plaasgevind het wat dien as ‘n voorbeeldvirdie toekoms. Die toneel kan ons verbuikersamelewing simboliseer wat so baie vermors of dit kan die arm gemeenskap simboliseer wat van die oorblyfsels van die rykes en beroemdes moet leef. Geskiedenis handel ook oor tradisie, stereotipering van rolle wat mans en vroue behoort te vervul.

- **Keuse van visuele beelde en tonele**

**FIGUUR 7a:**
Dit is 'n uitbeelding van 'n plaaskombuis. Drie vroulike figure is in die middelgrond geplaas van die skildery. Die figuur links is staande. 'n Figuur sit agter die tafel, terwyl 'n ander een oorbuig om 'n pastei in die oond te sit. 'n Vel deeg, 'n tinfoeliebak, bak vrugte, koekroller en waslappe, koppies en pierings versier die tafel. Ses kraaie rus op die tafel op verskillende plekke, sommige vlieg, sit of pik. Die swaar gelaaide, oorvol tafel verwys dat die dames baie produktief is. ‘n Kraai kan gesien word wat deur ‘n oop venster vlieg.

**FIGUUR 7b:** Die interieur bestaan slegs uit voëls en meubels. Daar is geen mense teenwoordig nie.

- **Perspektief en diepte**

**FIGUUR 7a:**
Perspektief word geskep deur die kunstenaar se insluiting van oop vensters om die landskap te wys. Dit skep 'n gevoel van resessie in die skildery. Die tafel is in die voorgrond met die kombuisoond teen die agterste muur. Die oorvleuelende objekte skep diepte. Die kleur word ligter in die agtergrond van die skildery.

**FIGUUR 7b:**
Die interieur toneel beeld 'n formele eetkamer uit. Die plafon, vloer en mure is sigbaar. Die tafel en stoele is in die middel van die vertrek geplaas. Spieëls, 'n horlosie en stillewe skilderye is teen die mure gehang om die idee van 'n eetkamer te skep. Die stoele is lukraak om die tafel geplaas en skep 'n chaotiese oomblik.
Dit kom voor asof die mense/gaste nou net vertrek het. Die vensters is toe.

- **Stemming en atmosfeer**

**FIGUUR 7a:**
Ontstellend, onheilspellend, chaoties, ongemaklik, kloustrofobies. Daar is ‘n bekommerde/afwagtende uitdrukking op die vroue se gesigte.

**FIGUUR 7b:**
Verlate, leeg, onheilspellend, ongemaklik, destruktief

- **Verwysing na geslag**

**FIGUUR 7a:**

Die vroue in die kombuis is besig om pasteie vir gaste te bak. Die kraaie kan die manlike teenpool verteenwoordig. Die vroulike figure dra voorskote wat simbolies is van wat 'n tipiese huisvrou dra.(stereotipering) Die hiëna kan ook simbolies wees van 'n aasdier of buitestaner wat wag vir kos. Die hiëna kan ook manlikheid verteenwoordig. Die bakproses en bestanddele impliseer dat die dames baie produktief is.
Sommige van die vroue word uitgebeeld met rooi en swart hare. Die rooi hare kan geassosieer word met ‘n hekse tema. Die statiese vroulike figure is juksta geplaas teej die lewendige vlug van die voëls..

**FIGUUR 7b:**

Die interieur is baie klassiek en delikaat wat na die vrou verwys. 'n Tradisionele wit kant tafeldoek oor die tafel is ook sinoniem met die vroulike figuur. Baie vrugte en oorskiet is versprei oor die tafel en op die vloer wat 'n morsige en chaotiese atmosfeer skep. Die manlike figure kon by die tafel gesit het met die vroulike figure wat hul bedien. Die pienk kleure op die tafel is stereotipies van vroulikheid.

7.2 Kandidate moet EEN kunswerk deur enige TWEE kunstenaars wie se werke kommentaar lewer op geslagskwessies, bespreek. (10)

**[20]**

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Studente van die Universiteit van Kaapstad het in 2015 die bronsbeeld van Cecil John Rhodes, 'n prominente figuur uit ons koloniale verlede, ontsier. Weens die toenemende druk van studente is hierdie beeld later deur die universiteitsowerhede verwyder. |

8.1 Kandidate moet die kwessie van koloniale en apartheidsmonumente debatteer wat uit ons openbare ruimtes verwyder word deur die volgende te oorweeg:

- **Die noodsaaklikheid van monumente in ons samelewing**

'n Monument gedenk 'n persoon of gebeurtenis en raak belangrik vir 'n sosiale groep as deel van hul herinneringe van historiese tye of kulturele erfenis, of as 'n voorbeeld van historiese argitektuur. Die term 'monument' word dikwels gebruik vir geboue en strukture wat as belangrike voorbeelde van argitektuur en/of kulturele erfenis beskou word.

- **Redes waarom mense monumente verwyder of ontsier**

Sommige monumente/geboue is simbole van óf Koloniale óf Apartheids-figure/gebeure. Hierdie monumente is nie 'n gelukkige herinnering van die verlede nie. Mense het besluit om dit te ontsier om hul gesigspunt oor Apartheid en kolonialisme te wys. Die beeld van Cecil John Rhodes is deel van die universiteit se verlede, en is nie 'n nasionale monument nie en daarom nie beskerm deur die Erfenis Wet van 1999 nie, wat beteken dat UK die beeld kan verwyder. Baie beelde in Suid-Afrika is simbolies van imperialisme en 'n katalisator vir die voortgesette proses van dekolonialisering.

- **Die funksies van 'n monument**

'n Monument gedenk 'n persoon of gebeurtenis en raak belangrik vir 'n sosiale groep as deel van hul herinneringe van historiese tye of kulturele erfenis, of as 'n voorbeeld van historiese argitektuur. Die Rhodes Memorial op Devil’s Peak in Kaapstad is a monument vir die Engels gebore Suid Afrikaanse politikus, Cecil John Rhodes. Die monument is ontwerp deur die bekende argitek, Sir Herbert Baker wat ook die Uniegebou in Pretoria ontwerp het. Cecil John Rhodes het bygedra tot die stigting van die sub-kontinent en het wit beheer gepromoveer.

- **Betekenis van monumente wat oor tyd verander**

Vroeë monumente in Suid-Afrika was opgerig gedurende koloniale en apartheidstye. Hulle is nie reflekterend van die Suid-Afrikaanse post-demokratiese samelewing nie. Nuwe monumente is sedertdien opgerig soos byvoorbeeld Vryheidspark, Konstitusionele Hof, ensovoorts wat meer relevant en simbolies van ons land is. Die betekenis van monumente het oor tyd verander weens veranderinge in taal, etiek, ligging, etniese groepe, ensovoorts. Gratis onderwys kan ook ‘n besprekingspunt word.

- **Oprigting van monumente in publieke plekke**

Kandidate se eie interpretasie. Dit is belangrik dat nuwe geboue/monumente in publieke ruimtes opgerig word aangesien dit op 'n helingsproses asook 'n opvoedkundige proses wys.

- **Die skepping van nuwe monument as 'n genesingsproses**

Kandidate se eie interpretasie. Baie monumente word opgerig om 'n persoon of 'n gebeurtenis wat deel van die land se erfenis, te huldig. Baie Suid-Afrikaanse geboue en monumente is opgerig deur verskillende groepe met verskillende ideologieë. Voorbeelde sluit in die Afrikaanse Taalmonument (Paarl), die Vroue Monument (Bloemfontein), die Voortrekker Monument (Pretoria), die Samora Machel Monument (Mbuzini), die Helde Monument (Durban) en Vryheidspark (Pretoria) onder andere. (10)

8.2 Kandidate moet enige TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse geboue bespreek wat hulle bestudeer het wat waarde by die gemeenskap/ons samelewing voeg.

Die volgende moet by hulle bespreking ingesluit word:

- Ligging/Situasie
- Materiaal en tegnieke
- Styl
- Moontlike invloede (10)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou